

BRIEF van TURKYE

Ons wil graag die volgende met jul deel vir gebed. Ons het elke Saterdag 'n bediening vir kinders by ons kerk. Ons is dankbaar teenoor die Here vir die baie kinders wat dit bywoon. Inderdaad, feitlik al ons bure laat hul kinders toe om kerk toe te kom vir die kinderaktiwiteite.

Sommige van hierdie kinders kon na die KUCAK kinderkamp gaan. Nietemin, baie van die ouers was bang om hul kinders na die kinderkamp te stuur, bloot omdat dit in die ooste van Turkye gehou is.

Ons juig omdat God die lewe van elke kind by die kamp op een of ander manier geraak het. Terwyl ons dit sê, weet ons die kinders wat nie die kamp kon bywoon nie, is hierdie seën ontnem. Indien dit die wil van God is, wil ons graag iets soortgelyks as hierdie kinderkamp doen vir drie dae gedurende die winter skoolvakansie. Met die somerkamp wat pas verby is, wou baie van die ma's ook graag die kamp saam met die kinders bywoon, maar ons kon hulle nie saamvat nie. En so het die gedagte ontstaan om saam met die kinders se aktiwiteite ook 'n program vir hul ma's aan te bied.

Derhalwe voel ons dit is 'n logiese geleentheid om seminare oor kinderopvoeding, familie verhoudings en die gesondheid van vrouens, vir die ma's aan te bied terwyl hul kinders by hul eie aktiwiteite betrokke is.

Omdat ons beplan om dit plaaslik te doen, kan ons al die kinders van die Saterdag kinderbediening met hul ma's nooi. Ons kan ook die kinders van ander plaaslike gemeentes nooi om by ons aan te sluit.

Bid asb saam met ons hieroor. Bid dat ons God se wil sal ken. Ons wil binne Sy wil wees. Ons wil nie ons Alwetende God probeer oortuig van ons planne nie, maar wil deel wees van wat Hy reeds doen. Feit is, Hy het hierdie kinders baie lief as wat ons het!

Mag God julle seën!

- **Vra dat die kerkleiers God se Stem duidelik sal hoor.**
- **Bid vir die Turkse kinders — dat hulle God se liefde vir hulle sal verstaan.**
- **Bid vir SAT-7 TÜRK se spesiale kinderprogramme.**

BRON: <http://www.tpsamistry.org>



September 2018

Gebeds t Nuus

SUID-AFRIKA KANTOOR:
Posbus 72646
Lynnwoodrif, PRETORIA 0040
southafrica@sat7.org
+27(12)807 2763
+27(83)628 6488/+27(84)506 3399
Kontak asb kantoor vir bank besonderhede



Kopiereg © 2018 SAT-7
www.sat7sa.org
www.sat7.org
www.sat7uk.org

CHRISTUS se KERK in AFGHANISTAN

Afghanistan is, na Noord-Korea, die gevaarlikste land in die wêreld om 'n Christen te wees. Alle gemeentes in Afghanistan moet in die geheim in ondergrondse huiskerke bymekaar kom. Word hulle ontdek, loop nuwe gelowiges die risiko van vyandigheid, geweld en selfs die dood. Ten spyte hiervan beleef Afghanistan die tweede vinnigste kerkgroei in die wêreld.

Sonder twyfel is dit God se beduidende, herkenbare werk wat vandag, soos nooit vantevore nie, onder die Afghane afspeel. Volhard asb in gebed dat die deurbraak wat ons tans beleef toeneem totdat die volle oes ingekom het.

Vier dekades van konflik in Afghanistan lei tot 'n grootskaalse verplasing van Afghane na die omliggende sub-streek. In Iran alleen is sowat drie miljoen Afghaanse vlugtelingen.

Iranese Christene ontferm hul oor hierdie Afghaanse vlugtelingen. En die rede waarom Afghane na Christus kom is, soos een Afghaan dit stel: "Iranese het nog nooit omgee vir ons nie, maar julle (Iranese) het ons lief. Dit is wat ons aangetrek het na Christus."

Buitengewone resultate word ook in Turkye gesien waar Iranese vlugtelingen uitreik na die Afghaanse vlugtelingen. Sommige Afghaanse bekeerlinge is nou leiers van kerke en lei baie na Christus. Een paartjie het reeds meer as 100 mense na Christus gelei. 'n Ander invloed op die beweging van God binne Afghanistan is dat baie van hierdie vlugteling bekeerlinge met hul familie en vriende tuis kommunikeer. Hulle getuig van Christus en vertel hul mense in Afghanistan dat hul die verkeerde God aanbid, lei hul na Christus en dissipel hulle.

- **Bid vir hierdie werk van God onder die Afghane.**
- **Loof God vir die groei van Sy Kerk in Afghanistan.**
- **Bid vir die gelowiges vir beskerming, groei tot volwasse Christene en vir hul effektiewe uitreik na ander.**
- **Dank God dat SAT-7 PARS se programme die mense van Afghanistan bereik.**

BRON: <http://www.operationworld.org/country/afgh/owtext.html>



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees:

Kyker in Afghanistan

“Ek is gedoop en was deel van ’n Iranese huiskerk, maar my familie en ek is gedeponeer na Afghanistan. Hier kyk ek na jul programme. Bid asb vir my vrou en oudste seun dat hulle meer van Christus sal leer.”

Kyker in Egipte

“Ek het deur jul programme geleer dat ek aanvaarbaar is deur Jesus. Ek is nie ’n slaaf nie maar God se kind. Hy hoor al my gedagtes en selfs my gekerm. Bid dat God julle sal gebruik om Sy koninkryk uit te brei.”

Kyker in Marokko

“Ek is drie en twintig jaar oud en nie ’n Christen nie, maar ek volg jul programme en sal graag meer oor Jesus wil hoor.”

Kyker in Saudie-Arabië

“Bid vir my emigrasie papiere. Ek verlang na die dag wat ek kan kerk toe gaan en lofliedere sing en aanbid saam met ander gelowiges in ’n heilige plek.”

Bid vir die nuwe Tajik en Afgaanse gelowiges. Baie ervaar geweldadige teenkating van hul families. Bid vir hulle om te volhard en groei in geloof ten spyte van teenstand.

VAN ROWER TOT PASTOR

Armoede na die moord op sy pa het Rustam tot roof gedryf voordat ’n Damaskus bekering hom na Christus gebring het. Hy is nou ’n pastor wat in beide Tajikistan en Afghanistan gedien het en het onlangs SAT-7 se eerste dissipelskap reeks vir Tajik kykers opgeneem.

Rustam Begaliev was een van 11 kinders in een van die armste lande van die vorige Sowiet Unie. Dit het beteken dat die lewe nie maklik was nie. En na die moord op sy pa deur iemand wat sy pa se fabriek wou hê, het toestand vir die 14 jarige Rustam drasties versleg.

Die tragedie van sy pa se dood het Rustam laat besluit om medies te studeer. Tajikistan was in 1990 egter op die punt om die brokkelende Sowiet Unie te verlaat en soos die meeste van sy landgenote, het Rustam geen geld gehad nie. In desperaatheid om sy studies te befonds, het hy mense op straat beroof.

Die keerpunt het gekom toe Rustam ’n Koreaanse instrukteur se klasse begin bywoon het. Die instrukteur was ’n Koreaanse sendeling in Tajikistan en hy het elke sessie met Skriflesing geopen.

“Een dag,” vertel Rustam, “het die instrukteur gesê: ‘Jesus Christus is die opgestane Heer — Hy wil ’n persoonlike verhouding met jou hê.’”

Daardie nag het Rustam wakker geword met sy kamer helder verlig. Hy draai om en sien ’n Persoon in wit geklee wat sê: “Ek is Jesus Christus, die opgestane Heer”.

Rustam is skielik oorweldig deur Jesus se heiligheid en sy eie sondigheid. Beangs het hy Jesus gevra om hom te vergewe. Jesus het geantwoord: “Moenie bang wees nie. Dien my en verkondig my woord in die hele wêreld.”

Dadelik het Rustam begin om die Koreaanse sendeling te help in sy bediening terwyl hy in Moskou studeer.

In 2001 het hy met Christelike dienswerk in Afghanistan begin. “Ek het baie gelowiges daar ontmoet wat na Christus gekom het deur SAT-7 se programme. En hulle is baie sterk in hul geloof,” vertel Rustam.

Met sy terugkeer na Tajikistan in 2010 het Rustam eers as assistent pastor gedien waarna hy twee gemeentes begin het, waar hy tans as pastor dien.



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers
terwyl jy hul boodskappe lees:

Kyker in Jordanië

“Ek lees die boeke wat jul my gestuur het. Hier is geen kerke nie, wat moet ek dus doen om meer van Christus te leer? Kan julle my asb ’n sms boodskap stuur met ’n voorbeeld van ’n gebed tot Jesus, want ek is bang hierdie oproep word opgeneem.”

Kyker in Iran

“Daar is ’n hofsak hangende teen my. Indien hul my onskuldig vonnis, sal ek nie weer lewendig uit die tronk kom nie. Bid asb vir reg en geregtigheid.”

Kyker in Soedan

“Ons, as Christen families, kry swaar want ons het nie baie programme vir families op TV nie. Ons bid tot God om vir ons geesvervulde riglyne vir ons as families, soos jul program *Van Hart tot Hart*, te stuur.”

Kyker in Tajikistan

“’n Vriend word geteister deur polisie omdat sy straatvrouens wat God nodig het, help om Hom te vind. Bid vir haar veiligheid, gesondheid, finansies en ’n vrugbare bediening.”

’n Kyker het ingebel en vra:

“Mense hou aan om te praat van hierdie man, Jesus. Weet julle waar ek Hom kan ontmoet?”